



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100

1918 - 2018



VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR:

SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL

PROF NICO KOOPMAN
JUNIE 2021

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	4
1. Tema 1: 'n Florerende Universiteit Stellenbosch	6
1.1 Gesondheid en welweesgedurende COVID-19	7
1.2 Plan vir personeelgesondheid en -welwees	9
1.3 Die voorkoming van siekte en beserings	9
1.4 Kampusgesondheidsdiens se griepinspuittingsveldtog	10
1.5 Mandeladag 2020	10
1.6 Herbedink die Universiteit Stellenbosch Woordfees	10
1.7 Universiteit Stellenbosch Koor	11
1.8 Transformasie by die Universiteit Stellenbosch	12
1.9 Sosiale Impak	13
2. Tema 2: 'n Transformerende studente-ervaring	14
2.1 Sosiale Impak in die kuberruim	15
2.2 Transformasiekantoor	15
2.3 Vermoëbouprogram vir kritiese gespreksforums	15
2.4 Die institusionele Imbizo 365-kalender	15
2.5 Siyakhula-ResEd-sessies	16
2.6 ResEd-program	16
2.7 Skryf vir Verandering	16
2.8 Geïntegreerde kursus oor gesondheid en leierskap	16
2.9 WOW (Woorde Open Wêreld)	17
2.10 Universiteit Stellenbosch Museum	17
3. Tema 3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke	18
3.1 'Gesonde' vennootskappe	19
3.2 Stellenbosse Sportakademie	19
3.3 Universiteit Stellenbosch Museum-vennootskappe en -reaksies op COVID-19-uitdagings	20
3.4 Sosiale Impak-vennootskappe	23
3.5 Universiteit Stellenbosch Woordfees-vennootskappe	23
3.6 WOW (Woorde Open Wêreld)	23
3.7 Transformasiekantoor-vennootskappe	23
3.8 Visuele regstelling	24

4. Tema 4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer	26
4.1 Kampusgesondheidsdiens	27
4.2 Universiteit Stellenbosch Museum	27
4.3 Sosiale Impak	27
5. Tema 5: Navorsing vir impak	28
5.1 Kampusgesondheidsdiens	29
5.2 Sosiale Impak	29
6. Tema 6: Voorkeurwerkgever	30
6.1 Evaluering van Menslike Hulpbronne	31
6.2 Universiteit Stellenbosch-opname oor personeelwewees, -kultuur en -klimaat 2019/20	31
6.3 Steun vir personeel gedurende en ná COVID-19	32
6.4 Werknemerbystandsprogram	32
6.5 Kampusgesondheidsdiens	32
6.6 Dagsorg	32
6.7 Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit	33
6.8 Transformasiekantoor en Diensbillikheidskantoor	33
6.9 Senior aanstellings	33
6.10 Program vir 'n nuwe generasie akademici (nGAP)	33
6.11 Vordering met diversiteit	33
6.11.1 Vordering met diversiteit	33
6.11.2 Studente-inskrywings, 2015–2021	35
6.11.3 Personeelaanstellings (PASD en akademies)	36
6.11.4 Senior aanstellings (PASD en akademies)	36
6.12 Kanselierstoekenings	38
6.12 In memoriam	38
Slot	39

GEAGTE VOORSITTER

Dit is 'n voorreg en plesier om aan die Senaat en Raad verslag te doen oor die werk van die verantwoordelikhedsentrum Sosiale Impak, Transformasie en Personeel in die tydperk Junie 2020 tot Mei 2021. Hierdie verslag bied 'n oorsig van ons werksaamhede in die eerste en tweede jaar van die COVID-19

pandemie. Dié tydperk is gekenmerk deur snelle verandering, groot onsekerheid en onvoorspelbaarheid, en besluitneming in uitdagende omstandighede. Terselfdertyd was dit 'n tyd om te besin en selfondersoek te doen, te bepaal wat werklik belangrik is, nuwe denke óór werk en nuwe maniere vān werk te verken, en tegnologiegebruik bo alle verwagtinge en buite ons geriefsones te aanvaar. Ons het die krag van samewerking en van gesamentlike denke oor vakrigtings en omgewings heen ontgin om met vernuwende idees en werk- en bestaanswyses vorendag te kom. Ons het hard gewerk om die twee institusionele doelwitte in COVID-19-verband te bereik - om die akademiese jaar suksesvol te voltooi, en die sistemiese volhoubaarheid van die instelling te verseker. Deur dít alles was die inagneming en ondersteuning van ons studente en personeellede se gesondheid en welwees 'n hoofprioriteit. Ons het voortgegaan om te midde van 'sosiale distansiëring' na sosiale samehang en verbondenheid, sosiale deernis en sosiale sorg te streef. Noudat ons ervaar het hoe die metaforiese COVID-naelloop eers in 'n marathon en toe in die langste ultramarathon van ons bestaan ontaard het, is ons gereed om die 'volgende normaal' in ons werk aan te pak. Ons waardeer nou straks meer as ooit vantevore ons mense, ons gemeenskap van personeel, studente, Senaat- en Raadslede sowel as alle vennote van die Universiteit namate ons vorentoe beweeg, die toekoms in.

Inleiding

Die verantwoordelikhedsentrum (VS) Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP) bestaan uit die volgende afdelings:

1. Sosiale Impak
2. Die Transformasiekantoor
3. Die Universiteitsmuseum
4. Woordfees, WOW (Woorde Open Wêreld) en die Universiteitskoor
5. Menslike Hulpbronne
6. Die Kampusgesondheidsdiens (KGD)

Die **waarde-aanbod van die VS** kan soos volg verwoord word:

SITP lewer 'n besondere bydrae tot die Universiteit Stellenbosch (US) deur die bevordering van die sentrale institusionele strewe om 'n transformerende impak op die samelewing te hê deur die Universiteit se menslike hulpbronne van personeel, studente, alumni, belanghebbendes, rolspelers en institusionele vennootskappe, wat almal uitnemende, transformerende en impakryke akademiese programme van leer en onderrig, navorsing en innovasie in plaaslike en internasionale verband verseker. In hierdie opsig lewer die VS 'n besondere en noodsaaklike waardebelaaide bydrae tot die kernwerksaamhede van die Universiteit.

SITP voeg waarde toe tot die US se program van aksie deur die akademiese mandaat te ondersteun, professionele, toeganklike, toepaslike en kundige dienste te lewer, en 'n pasgemaakte diensleweringsbenadering te volg wat geskik is vir die unieke omstandighede van die VS se medewerkers en kliënte. Dít word gedoen deur die verskillende onderling afhanklike afdelings van die VS, naamlik Menslike Hulpbronne, die Transformasiekantoor, Sosiale Impak, KGD, die Universiteitsmuseum en die Woordfees (wat die WOW-program en die Universiteitskoor insluit).

Die struktuur van hierdie verslag volg die ses kern strategiese temas van die US se Strategiese Raamwerk 2019-2024:

1. 'n Florerende US
2. 'n Transformerende studente-ervaring
3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke
4. Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer
5. Navorsing vir impak
6. Voorkeurwerkgewer

Die VS se bydrae tot die verwesenliking van die kern strategiese temas van die Universiteit word deurgaans uitgelig. Die verslag beskryf ook vordering met die volgende prioriteite: die voltooiing van die akademiese jaar, die sistemiese volhoubaarheid van die Universiteit, personeelgesondheid en -welwees, die US se funksionering as 'n ankerinstelling in die samelewing, die versnelling van transformasie, en die voltooiing van die eksterne evaluering van die Afdeling Menslike Hulpbronne.



Strategiese beplanningssessie van die VS (Desember 2020)



TEMA 1: 'N FLORENDERE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Kweek 'n US wat gekenmerk word deur inklusiwiteit, diep en doelbewuste transformasie, en diversiteit.
- Skep geleenthede vir die bevordering van meertaligheid in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale omgewings, en erken terselfdertyd die intellektuele rykdom wat in taaldiversiteit opgesluit lê.
- Verander die grootte, vorm en samestelling van ons studentekorps en van ons akademiese programme om die strategiese rigting van ons visie te weerspieël.
- Skep 'n finansiële volhoubare organisasie.
- Verhoog die standaard van die Universiteit se fasiliteite en infrastruktuur na dié van 'n wêreldklas-navorsingsintensiewe universiteit, wat terselfdertyd visuele regstelling omarm.
- Bewerkstellig diepgaande en volhoubare verandering en vernuwing in alle fasette en funksies van die US om soepel, aanpasbaar en responsief te wees.
- Streef daarna om 'n toonaangewende, navorsingsintensiewe universiteit te wees, wat teen 2024 op ranglyste ingesluit word as 'n voorste wêreldklas universiteit.
- Skep 'n entrepreneurskultuur wat innovasie institusioneel bevorder.

1.1 Gesondheid en welwees gedurende COVID-19

KGD het aan die begin van die tweede semester van 2020 die US se Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting deur die werkstroom vir kampusbedrywighede bygestaan om 'n omvattende terugwerk-toe-protokol op te stel. Die protokol voldoen aan die riglyne van die departemente van Gesondheid en Arbeid, en ondersteun die gesondheid en veiligheid van personeellede en studente wat na die kampus terugkeer. KGD dra ook aktief by tot die werkstroom vir personeel (menslike hulpbronne en personeelgesondheid en -welwees) om gesondheid- en welweesdienste in dié uitdagende tyd te koördineer en te implementeer, en te help streef na die institusionele doelwitte om die akademiese jaar te voltooi en die volhoubaarheid van die Universiteit te verseker.

KGD se COVID-19-kliniekdiens was streng gegrond op (meestal telefoniese) sifting en verwysing na toetsing by amptelike toetsterreine. Die vlotydse telefoondiens het ook 'n geleentheid geskep om personeellede en studente wat nie op kampus is nie, oor die behoefte aan mediese sorg of hospitalisasie te adviseer. Dokters, kliniese verpleegkundiges en fisioterapeute het in die verslagtydperk altesaam 534 telefoniese gesondheidskonsultasies binne die riglyne van die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika gedoen. Toe studente en werknemers na die kampus begin terugkeer, het KGD se medici boonop positiewe gevalle in kos-huise en onder terugkerende personeel help bestuur.

RETURN TO WORK PROTOCOLS AND PROCEDURES

IN PREPARATION OF RETURNING TO CAMPUS

All staff is required to read and where necessary, complete the following documents before returning to campus.

EMPLOYEES



Induction presentation



Worker risk assessment

LINE-MANAGERS



Memo: Chairperson of the Workstream for Campus Operations and COVID-19 Compliance Manager



Toolkit: Institutional Committee for Business Continuity



Workplace Plan



Walk-through risk assessment



Management of visitor access to department

DAILY SCREENINGS

Staff is required to complete daily screenings before travelling to campus. The results of the daily screenings must be made available to your line-manager and be available at any time.

Please note: If you are unwell, do not come to campus. Inform your line-manager immediately.

The screening tools can be accessed via:

WhatsApp: 0600 11 0000

Dialling: *134*832*2#

Online

Employee Screening Questionnaire

PRECAUTIONS ON CAMPUS

Staff is urged to take the following precautions against all pathogens:

Get a flu vaccination | Understand the risk of illness | Assist with contact tracing (if required) | Participate in COVID-19 workplace awareness and support activities (including access to psychological support)



WEARING OF MASK

Wearing of a cloth mask is mandatory and where required, additional appropriate personal protective equipment must also be worn.



SAAM VORENTOE | MASIYE PHAMBILI | FORWARD TOGETHER


Om die veiligheid van frontlinie- mediese personeel te verseker, het kernspanne op 'n rotasiegrondslag by die KGD-klinieke gewerk. Hierdie dienste is hoofsaaklik deur personeellede gebruik vir nasorgbesoeke en voorskrifte vir nie-aansteeklike siektes soos hoë bloeddruk, diabetes en asma.

KGD-dokters het deurgaans aan webinare en uitsendings oor verskeie kliniese sake deelgeneem, en protokolle en beste praktyk vir die bestuur van die verskillende fases van die COVID-19-pandemie bygewerk. Dokters het 26% van die tyd wat hulle normaalweg aan kliniese konsultasies sou bestee, aan COVID-19-ervarende opvoedkundige aktiwiteite soos webinare en uitsendings oor kliniese ontwikkelings, veral oor die bestuur van algemene kliniese dienste gedurende die pandemie, gewy.

Daarbenewens het KGD voortgegaan om 'n kernrol te vervul in die proses om personeel en studente veilig na hulle werk-, woon- en leerplekke op kampus te laat terugkeer. Afgesien van bystand met die gesondheidsrisikobeoordeling van infrastruktuur, het kliniese personeel gehelp met risikobepaling vir terugkerende personeel met onderliggende toestande, en met die vasstelling van werknemers se werkgereedheid (veral sedert die oorskakeling van vlak 2 tot 1 van die inperking, wat meer vrye beweging moontlik maak). Kliniese personeel het ook deurlopend op verskeie platforms gekommunikeer oor voorkomende maatreëls om die verspreiding van die virus te beperk.

Die tweede vlaag van die COVID-19-pandemie en 'n nuwe variant van die virus het teen die begin van Desember 2020 in die Wes-Kaap 'n werklikheid geword. Om op hoogte van ontwikkelings te bly, het KGD-personeel nege webinare oor die tendense verbonde aan die tweede vlaag bygewoon. Weens die ernstige komplikasies wat dié nuwe vlaag infeksies ingehou het, is daar besluit dat KGD-personeel deur die hele tydperk wat die US amptelik vir die feesseisoen gesluit het, op die voltydse inbelylyn beskikbaar sou wees. KGD-personeel het verskeie werkstrome bygestaan om hulle beplanning in die lig van die tweede vlaag aan te pas, en het ook studente se terugkeer in 2021 help beplan. KGD het steun verleen aan aktiwiteite wat daarop gerig was om die akademiese jaar 2020 suksesvol te voltooi, en het in die besonder die gesondheid en veiligheid van personeel en studente ondersteun sodat die US se bedryfsaktiwiteite kon voortgaan.


Gedurende 'n COVID-19-voldoeningsinspeksie het die Departement van Arbeid KGD geloof vir die protokolle wat hulle ingestel het, en vir hulle leierskap om die res van die US met COVID-19-voorkoming by te staan. Ook die Beroepsgesondheidspan is gelukkig met hulle statutêre rekordhouding ooreenkomstig met die Departement van Arbeid se voorskrifte.




COVID-19-tendense op kampus in die eerste vyf maande van 2021 het met nasionale en streekstendense ooreengestem. Infeksiesyfers onder personeel bly laag. Hoewel daar aan die begin van die akademiese jaar aanvanklik 'n konsekwente toename was, het dit sedertdien afgeplat, en het die getal positiewe gevalle selfs effens afgeneem. Ondanks geïsoleerde brandpunte (Metanoia, Huis Visser en die nagraadse joernalistiekklas) was daar geen teken van aansienlike 'klusteruitbrekings' of beduidende 'verspreidingspunte' nie. Die COVID-19-protokolle in koshuise werk oënskynlik goed. Danksy 'n goeie werksverhouding en samewerking met Stellenbosch-hospitaal, kon akkurate syfers boonop weekliks aan die US-bestuur voorgelê word. Die daaglikse verslag van die hospitaal het die toetsuitslae en kontakbesonderhede ingesluit van daardie studente en personeellede wat by alle toetssentrums op Stellenbosch getoets is, en het tydig en doeltreffende kontakopsporing deur KGD-personeel moontlik gemaak.

KGD-personeel gaan voort om op die verskillende fases van die pandemie te reageer. Personeellede het meer onlangs opleiding ontvang om met die wyer inwerkingstelling van die landwyse inentingsproses te help. Alle KGD-personeel het as deel van die Wes-Kaapse en landwyse program vir gesondheidsorgwerkers vroeë inentings ontvang. Die diens gaan ook voort om Stellenbosch-hospitaal met sifting en kontakopsporing te help (om die las op hospitaalpersoneel te verlig en kontakopsporing in die kampusgemeenskap te bespoedig).

COVID-19-statistiek vir die Universiteit Stellenbosch





1.2 Plan vir personeelgesondheid en -welwees

Personeelgesondheid en -welwees is 'n institusionele prioriteit. Die doel van die plan vir personeelgesondheid en -welwees is om een van die US se kerndoelstellings as voorkeurwerkgewer te ondersteun, naamlik om “die welwees van ons mense [te versterk] deur 'n instaatstellende, inklusiewe, billike, gesonde en veilige werks- en leeromgewing te skep en te bevorder wat ons diverse personeel aanspoor om so produktief moontlik te wees, en waar hulle gewaardeer voel en tot die universiteit se uitnemendheid bydra”.

Die Rektooraat het die plan op 9 Februarie 2021 goedgekeur. Die vernaamste belanghebbendes, al tien fakulteite en al sewe verantwoordelikhedsentrusse is geraadpleeg. 'n Belangrike tema wat uit die terugvoer na vore gekom het, was die behoefte aan portuursteun, en aan behoorlike leiding en opleiding vir lynbestuurders wat gesondheid en welwees betref.

Die implementering van die plan het op 11 Maart 2021 met die stigtingsvergadering van die Institusionele Komitee vir Gesondheid en Welwees begin.


1.3 Die voorkoming van siekte en beserings

Die kliniese span van KGD konsentreer veral op voorkoming en het verskillende kommunikasiestrategieë om siekte en beserings te voorkom. Inhoud word deur KGD-personeel self en deur studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe as deel van hulle akademiese program ontwikkel. Kommunikasie in die verslagtydperk het die volgende ingesluit:


Beseringsvoorkomingsmaand: **Veiligheid vir stappers en bergfietsryers**, Antibiotikabewustheidsweek, Beroerteweek en Sonslimbewustheidsmaand

1.4 Kampusgesondheidsdiens se griepinspuittingsveldtog

Ons griepinspuittingsveldtog vir 2020 het 'n toename van 156% op Stellenboschkampus beleef danksy voorbereidings vir die COVID-19-pandemie. Almal wat ingeënt is, was personeellede, want studente was in dié tyd meestal weg van die kampus. Op Tygerbergkampus het griepinspuittings met 50% toegeneem.



Totale griepinspuittings - Stellenboschkampus (April tot November 2020)



Totale griepinspuittings - Tygerbergkampus (April tot November 2020)

KGD het reeds met vanjaar se seisoenale griepinspuittingsveldtog vir personeel en studente begin, en maak van die kwadri-valente entstof gebruik (wat beskerming bied teen vier griepvirsus).

1.5 Mandeladag 2020

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het personeel en studente gedurende aanlyn Mandeladagvieringe genooi om 'n oomblik stil te word en na te dink oor huidige hanteringsmeganismes in dié tyd van ongekende onsekerheid. Personeellede en studente is gevra om vrywillig in die Universiteitsgemeenskap te belê deur advies, kennis en ervarings uit te ruil. Die doel was om sowel personeel as studente se welwees te bevorder te midde van die pandemie en ál die uitdagings en kwessies wat daarmee saamgaan.

MGD was die fasiliteerder van dié vieringe, wat bestaan het uit kuns, poësie, musiek, komedie, webinare en verskillende gepreke waardeur studente en personeel mekaar deur die krisis kon ondersteun. Sodoende kon die Universiteit as 'n gemeenskap byeenkom, en saamwerk aan die visie van 'n gebalanseerde werkmag wat optimaal kan funksioneer in 'n instaatstellende, deernisvolle en ondersteunende werksomgewing.

1.6 Herbedink die Universiteit Stellenbosch Woordfees

Weens die onsekerheid oor die duur en impak van die COVID-19-pandemie moes die Woordfeespersoneel noodgedwonge aan alternatiewe bedryfsmodelle begin dink. Vyf moontlike modelle is vir vanjaar se Toyota US Woordfees oorweeg, naamlik (i) om die feesmodel min of meer dieselfde te hou, met sekere aanpassings en verbeteringe; (ii) om die fees vir gehore van kleiner as 50 of 100 mense per vertoning te beplan; (iii) om die fees aanlyn aan te bied; (iv) om 'n kombinasie van aanlyn inhoud en fisiese vertonings en geleenthede vir gehore van kleiner as 50 tot 100 mense by die feesprogram in te sluit; en (v) om die feesdatums te verander.

In die oorweging van alle haalbare moontlikhede was personeel deurgaans daartoe verbind om 'n uitstaande fees aan te bied sonder om kunstenaars, feesgangers of die groter gemeenskap se veiligheid op die spel te plaas.

Daar is uiteindelik besluit om die Toyota US Woordfees van 17 tot 24 September 2021 aan te bied. By gebrek aan die tradisionele Maart-fees het die Woordfees twee geleenthede in die eerste semester aangebied om die uitvoerendekunste-gemeenskap 'n hupstoot te gee.

Die Take-a-stand-gespreksreeks het uit diverse stemme uit die dans- en teatersektor bestaan, wat oor verskeie uitdagings en maatskaplike kwessies in die uitvoerende kunste gesels het. Die US Woordfees en die stigting STAND (Sustaining Theatre and Dance) het die geleentheid oor die naweek van 19-21 Februarie 2021 op Stellenbosch aangebied. Hoogstens 50 kaartjies is vir elke gespreksessie uitgereik. Alle COVID-19-protokolle is gevolg en alle sessies is gestreks oor die internet uitgesaai.

Foto met vergunning van fotograaf Jeremeo le Cordeur



Die Toyota US Woordfees Kunstenaarsweek het van 6 tot 11 April 2021 plaasgevind. Die doel was om besinning en vernuwing aan te moedig en kreatiwiteit in die groter kunstenaarsgemeenskap te stimuleer. Van die mees uitgelese, gevestigde skeppende kunstenaars in die land is as fasiliteerders gekies om 'n groep van

67 medekunstenaars van oor die volle spektrum van ouderdom, ras, dissipline en ervaring te lei. Fasiliteerders het ingesluit prof Andrew Buckland, Sylvaine Strike, Alfred Hinkel, Gregory Maqoma, dr Gcina Mhlophe, Jolyn Phillips, Mmatumisang Motsisi en Jefferson Tshabalala.



Foto met vergunning van fotograaf Nardus Engelbrecht

Deelnemers het werksessies bygewoon, en moes ook kort werke (5 tot 15 minute) skep wat by Flikker & Flash, 'n kitsgeleentheid op 10 April 2021, in ongewone ruimtes soos leë winkels deur die hele dorp opgevoer is. Sestien produksies het van 18:00 tot 21:00 elke 15 tot 30 minute plaasgevind. Die vertonings het uit 'n wye verskeidenheid genres bestaan, waaronder teater, dans, modeontwerp, improvisasie, uitvoerende kuns, kabaret, hip-hop, folk, rock, opera en visuele kuns. Benewens die kitsvertonings is 'n poësie-en-musiekgeleentheid op 9 April 2021 aangebied. Alle vertonings was gratis, en alle COVID-19-protokolle is gevolg. Hierdie inisiatief is moontlik gemaak deur Toyota, kykNET, NATI en Visit Stellenbosch.

1.7 Universiteit Stellenbosch Koor

Die US Koor is genooi om aan Britain's Got Talent 2021 deel te neem, maar sal nie kan nie weens die pandemie. Die organiseerders van Britain's Got Talent het vanjaar se uitnodiging na 2022 oorgedra.

Die koor se video-uitvoering van Die Donker is op 21 Mei 2020 op die internet geplaas, en is meer as 397 000 keer gekyk. 'n Tweede video, wat kykers 'n blik bied op koorlede se persoonlike wêreld gedurende die inperking, is op Jeugdag 2020 gelaai, en is byna 48 000 keer gekyk.

Die volgende uitvoerings het in die verslagtydperk plaasgevind, en is op YouTube beskikbaar gestel: **Joshua!, De Profundis, Salve Regina, Angel, I Lived, The Rainmaker.**

Die koor vir 2021 bestaan uit meer as 50% nuwe lede en het op 8 Maart, presies 'n jaar ná die laaste kooruitvoering in 2020, begin oefen. Danksy ruim bystand uit die US se gebeurlikheidsfonds kon spesiale sangmaskers uit die VSA vir die US Koor bestel word. Hoewel dit nog onseker is of die koor sal kan optree, sal die maskers studente beskerm sonder om klankgehalte in te boet. Die dirigent van die US Koor, mnr André van der Merwe, het in Desember 2020 die Kanselierstoekening ter erkenning van sy uitnemende werk met die koor die afgelope 16 jaar ontvang.

1.8 Transformasie by die Universiteit Stellenbosch

Die Transformasiekantoor het in die verslagtydperk aan 'n aantal **aanlyn paneelgesprekke** oor onderwerpe soos die volgende deelgeneem:

1. “Hoe raak COVID-19 Suid-Afrikaners ekonomies, en wat is die psigososiale uitwerking van ‘werk’ van die huis af? Insigte oor die formele en informele markte, en gevolge vir huishoudings”. Paneellede het ingesluit drs Kholekile Malindi en Dineo Seabe van die US se Departement Ekonomie en mnr Bantu Louw van US Internasionaal.
2. “Uitdagings vir studentetoegang tot die hoër onderwys gedurende COVID-19: 'n Gesprek ter herdenking van 16 Junie 1976 en die nalatenskap vir die studente-ervaring in Suid-Afrika”. Paneellede van die US, die Universiteit van Kaapstad (UK) en die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) het deelgeneem. Die gasspreker was dr Mlamuli Hlatshwayo, en die studentedeelnemers was Zizo Vokwana, Motsoari Nthunya, Jeff Ngobeni en Busisiwe Nxumalo.
3. Dialoog oor #BlackLivesMatter met Viserektor: SITP prof Nico Koopman, prof Nadine Bowers-du Toit van die Fakulteit Teologie, Jeff Ngobeni van die US se Studenteraad (SR), dr Kim Wale van Studies in Historiese Trauma en Transformasie, en Katlego Letlonkane van die Kantoor vir Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering in Menslike Hulpbronne.

As deel van die **Jaar vir Persone met Gestremdhede by die US** het die Transformasiekantoor 'n oordenking deur student Ilze Aaron getiteld **“My passie is om vir dowe kinders skool te hou”** gepubliseer.

Die Transformasiekantoor en Menslike Hulpbronne se Kantoor vir Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering het bemerkingsmateriaal vir die Siyakhula- (“Ons groei”)-reeks geskep. Geleenthede is op die US se webtuiste, sosiale media en 'n toegewyde **webblad** bemark. Die programkoördineerder van die Transformasiekantoor, me Babalwa Gusha, was die leier van die eerste sessie, “Introspeksie: Die US se institusionele kultuur deur die geskiedenis, die hede en die toekoms”, in die nuwe Siyakhula-webinaarreeks vir US-personeel.

Die jaarlikse Transformasie-indaba is op Donderdag 22 Oktober 2020 aanlyn aangebied. Die tema vir die indaba was “Kry ons sake agtermekaar”, met die klem op besinning oor die afgelope jaar en die lesse wat daaruit geleer is. Gesprekke het om ‘transformasiegonspunte’ gedraai, en is deur die volgende vrae gerig:

- Hoe verseker ons meer deelnemende en deursigtige prosesse by ons universiteit? Die voorbeeld van die nuwe handelsmerk
- Wilcocks is iets van die verlede. Wat het ons geleer, en waarheen volgende met visuele regstelling?
- Wat het ons uit ons institusionele COVID-19-reaksie geleer? Hoe meet 'n mens ons institusionele COVID-19-reaksie?
- Die formele prosesse ná ‘Die Artikel’ is verby. Het ons die

saak as 'n universiteitsgemeenskap afgehandel, en waarheen volgende?

- Die werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld het hulle finale verslag ingedien. Wat het ons geleer, en wat gebeur volgende?
- Transformasie is nou 'n kernprestasiagebied vir alle lynbestuurders. Hoe nou gemaak?
- Siyakhula is terug. Het ons die vermoë om ons visie vir transformasie te verwesenlik?

Die US het in Februarie 2021 sy derde Transformasiejaarverslag by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien. Die verslag bied 'n oorhoofse blik op transformasie by die US aan die hand van 'n stel aanwysers. Dit is ook aan die Rektooraat, lede van die Algemene Bestuurdersvergadering en, via die Institusionele Transformasiekomitee (ITK), aan die transformasiekomitees in die verskillende omgewings beskikbaar gestel. Die kernbevindinge van die verslag is by die Transformasie-indaba 2020 bespreek.

Die Transformasiekantoor gaan voort om sessies te fasiliteer met die doel om belangrike inligting oor transformasiewerksaamhede oor te dra. Dit sluit in inligtingssessies oor verslae, beleide en planne wat op transformasieverwante werk betrekking het. Onderwerpe soos die dienste van die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit, die US se welnees- en kultuuropname en die opname oor verkrachtingskultuur is die afgelope tyd aangeroei.

Leesgroeppessies is van stapel gestuur om personeel en studente se begrip van tersaaklike kwessies te verdiep en op te skerp. Hierdie sessies word deur akademië en lede van die Transformasieleernetwerk gelei. 'n Groepsessie getiteld “Wit onkunde, wit skaamte en ander struikelblokke in die kritiese filosofie van ras” is op 29 April 2021 onder leiding van dr Phila Msimang van die Departement Filosofie aangebied.

Daar was skakeling met die meeste **fakulteite se transformasiekomitees**. Dit sluit in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, en Teologie. Skriftelike terugvoer van die fakulteitstransformasiekomitees word aan die einde van die eerste semester verwag.

'n Gelyklopende proses is aan die gang vir die skep van **verantwoordelikheidsentrum-transformasiekomitees (VSTK's)**. Twee vergaderings is met VS-verteenwoordigers in die ITK gehou om die stigting van VSTK's en die ontwikkeling van 'n gepaste opdrag vir hierdie komitees te fasiliteer.

Die Transformasiekantoor het met die Afdeling Diensbillikheid saamgewerk om **Siyakhula Live, 'n weeklikse radioprogram** op MFM 92.6, bekend te stel. Die program bevat transformasieverwante inhoud en word sedert 2 September 2020 elke Woensdag om 18:00 uitgesaai. Die doel van hierdie vennootskap is om 'n diversiteitskultuur by die US te skep en te ontwikkel. Die weeklikse

gesprekke op **#SiyakhulaLive** bied die Transformasiekantoor 'n platform om ons Matie-gemeenskappe in te lig en te transformeer. Die temas strek van erfenis, nasionale simbole en geskiedenis tot sport, musiek, diskriminasie, kritiese burgerskap, menseregte en menslike vryhede.

Die **Siyakhula-opleidingsreeks** vir 2021 het op 7 Mei begin met die werksessie "Besin oor die US se institusionele kultuur en transformasie: 'n Blik op wie ons is, waar ons vandaan kom, en waar ons graag wil wees". Die doel van die werksessie was om 'n ruimte te skep vir selfondersoek en besinning oor die historiese konteks wat personeellede se ervaring van die US vorm, en om personeellede se begrip van die US se institusionele kultuur te verdiep. Die hoop is dat personeel deur hierdie sessies aspekte van die institusionele kultuur sal uitwys wat steeds transformasie verhoed.


1.9 Sosiale Impak

Inisiatiewe vir sosiale impak gaan voort om op die Sosiale Impak-kennisplatform geregistreer te word. US-belanghebbendes en vennote speel steeds 'n aktiewe sosiale-impak-rol deur navorsing, leer en onderrig, vrywilligerwerk, spesiale programme, en die bou en instandhouding van vennootskappe in die samelewing.

Die **Sosiale Impak-finansieringskomitee** het R2 030 640,69 vir 19 inisiatiewe in nege fakulteite en een professionele en administratiewe steundiens- (PASD-)omgewing beskikbaar gestel. Die komitee was nog eens beïndruk met die diepte van die verskillende fakulteitskomitees se sosiale-impak-werk, en die toenemende begrip van die kernrol wat betrokke navorsing en betrokke leer en onderrig by die Universiteit vervul. Weens die impak van COVID-19 moes projekbestuurders hulle klem verskuif en van strategie verander om inisiatiewe te implementeer. Die komitee gaan voort om op grond van 'n bepaalde stel kriteria aanvangsfinansiering aan inisiatiewe toe te ken, en om US-omgewings en eksterne vennote aan te moedig om óók finansiering te bewillig ten einde impak te versterk en inisiatiewe volhoubaar te maak.

SOSIALE IMPAK- FINANSIERINGSKOMITEE ISTE RONDTE 2021

Finansiering goedgekeur per fakulteit/PASD-omgewing





TEMA 2: *'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING*

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Voorsien 'n unieke, verpersoonlikte studente-ervaring wat dien as katalisator vir transformasiegerigte verandering te midde van geleenthede vir betrokkenheid en ontwikkeling deur 'n eersterangse akademiese aanbod, wat graduandi toerus om in 'n diverse wêreld die leiding te neem en uit te blink.
- Ontwikkel ons studente se graduandi-kenmerke om 21ste-eeuse burgers te wees en hulle volle potensiaal te verwesenlik.
- Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en inklusiwiteit te verbeter.
- Verbeter ons studenteslaagsyfer deur opvoedkundige innovasie.
- Lewer omvattende steundienste van 'n hoë gehalte aan ons studentegemeenskap.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit.
- Skep gepaste geleenthede vir werksgeïntegreerde leer vir 'n suksesvolle loopbaan en 'n positiewe impak op die samelewing.

2.1 Sosiale Impak in die kuberruim

MGD het sy werk deur die aanlyn kortkursus oor die aktivering van betrokke burgerskap voortgesit. 'n Kohort van 32 studente-leiers op die gebied van sosiale impak het vir twee modules van die kortkursus ("Bekom en ontleed inligting", en "Weetgierigheid en verbeelding") geregistreer. Die opleidingsbestuurder, me Chrischar Rock, het as die e-tutor vir hierdie kohort opgetree en inligting vir die databasis en navorsingsuitsette saamgestel.

Die studente-leiers het die materiaal pligsgetrou deurgewerk, maar het gesukkel om die werkklas met hulle ander aanlyn leer in die lig van COVID-19 te balanseer. Hulle terugvoer oor die uitdagings wat hulle ondervind het, was van groot waarde om die uitleg en implementering van die kursus vir die toekoms te verbeter.

Die kursusontwerpers het besin en soepelheid en aanpasbaarheid aan die dag gelê om die ervaringskomponent van die aanbod te hersien. Dié komponent is nou in die vorm van 'n aanlyn (eerder as 'n kontak-) vrywilligergeleentheid as deel van gemeenskapsorganisasies se COVID-19-reaksieplanne, wat deelnemers in staat stel om die kursusdoelwitte te bereik, en ook steeds waardevolle leergeleenthede te hê ondanks die uitdagings van die pandemie. 'n Groot groep studente-leiers het met welslae van die kontak- na die aanlyn vrywilligergeleentheid oorgeslaan. MGD sal ook ná COVID-19 hierdie nuwe aanlyn geleentheid by die kortkursus insluit.

Die kortkursus "**Bevorder betrokke burgerskap aanlyn**" is op Maandag 5 Oktober 2020 bekend gestel. Die kortkursus is op die SUNOnline-platform te kry. Sowat 45 studente het geregistreer, van wie 20 E'bosch-studente was (gemeenskapslede uit die omliggende Stellenbosse gebiede) en die res US-studente en vennote van organisasies sonder winsoogmerk.

Die Afdeling Sosiale Impak het op 11 Maart 2021 'n internasionale aanlyn **Sosiale Impak-kollokwium vir studente** aangebied. Hier kon studente én personeel meer leer oor die rol van 'n universiteit om studentgedrewe vrywilligergeleenthede vir sosiale impak te skep. Die geleentheid het die tradisionele Sosiale Impak-gemeenskapsoggend vervang.

'n Diverse aantal plaaslike en internasionale studente-inisiatiewe vir sosiale impak is by dié kollokwium uitgelig. Onder die paneellede was die MacJannet-wenner en -naaswenner van 2020, naamlik die diensleerprogram van die Politegniese Skool Ngee Ann in Singapoer, en die paNhari-program van die Universiteit van Zimbabwe. Die res van die paneel het uit kollegas van Rhodes-universiteit, die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die US bestaan.

Die kollokwium het gekonsentreer op gemeenskaplike praktyk, en ervarings van betrokke burgerskap wat sowel studente as gemeenskappe baat. Graduandi-eienskappe en doelbewuste sosiale impak wat verder as die COVID-19-pandemie strek, is ook aangeroer.

2.2 Transformasiekantoor

Die Transformasiekantoor was medeskepper (saam met die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) en aanbieder van 'n aanlyn module oor tussenkultuurkommunikasie vir die program "Dokters as agente van verandering".

Die eerste **Studentetransformasie-indaba** is Donderdag 15 Oktober 2020 aanlyn aangebied. Die indaba het ondersoek ingestel na die verankering van die ITK vir studente by die US. Die volgende onderwerpe is bespreek:

- Die rol van kritiese skakeling in die hoër onderwys (waarom moeite doen?)
- Instapregistrasie
- Skep empatie in ons gemeenskappe, veral teenoor persone met spesiale behoeftes in koshuise
- Geestesgesondheid
- Transformasielesse gedurende COVID-19

2.3 Vermoëboupprogram vir kritiese gespreksforums

Kritiese gespreksforums is die vernaamste instrument om 'n transformerende studente-ervaring te skep. Die vermoëboupprogram vir kritiese gespreksforums is 'n gestroomlynde benadering tot kritiese skakeling in gemeenskappe, koshuise en ander studentegroepe by die US. Die program verbind kritiese skakeling in studentegemeenskappe met transformasie- en insluitingsgesprekke. Die doel is om die hele jaar deur inklusiwiteit- en diversiteitsgesprekke by die US aan te moedig. Huiskomiteelede gemoeid met kritiese skakeling en transformasie word met die fasiliteringsvaardighede toegerus om gesprekke aan te bied en deelnemers te lei om 'n gesamentlike begrip te vorm van die soms ongemaklike dog belangrike onderwerpe wat onvermydelik is om studenteruimtes te transformeer.

2.4 Die institusionele Imbizo 365-kalender

Die **kalender** is in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking ontwerp en elektronies gepubliseer, met 'n prominente skakel na die US se raamwerk vir strategiese skakeling.

Drie vieringe het tot dusver vanjaar plaasgevind, naamlik Menseregtedag, Vryheidsdag en Werkersdag. Die tema vir Menseregtedag was "Restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap en regverdigheid in ons strewes".

Om Vryheidsdag te vier, het 15 studente van die vermoëboupprogram vir kritiese gespreksforums op 27 April 2021 'n toer na die korrektiewe sentrum Drakenstein (voorheen Victor Verster-gevangenis) onderneem. Dit was 'n samewerkingsinisiatief tussen die Afdeling Studentesake en die Transformasiekantoor. Benewens die toer, het die dagprogram 'n nadenkende gesprek ingesluit oor die tema "Van 'n uitsluitende verlede tot 'n florerende demokratiese toekoms: Bou deelnemende en verteenwoordigende bestuur- en leierskapstrukture".

Die klem van die Werkersdagviering was op personeelwelwees, personeelforums, menswaardigheid, 'n bestaansbare loon, en personeelkultuur.

2.5 Siyakhula-ResEd-sessies

Die aanlyn **Siyakhula-ResEd-sessies** het van 8 tot 10 Maart 2021 plaasgevind. Die drie werksessies het onderskeidelik die volgende temas aangeroei:

- “Universele toegang en gestremdheid”: Die doel was om bewustheid te skep van sigbare en onsigbare gestremdheid, en om studente aanstootlike taal te help vermy. Die Universiteit Stellenbosch het meer as 600 studente met gestremdhede.
- “Gender, seksualiteit en die beweging teen geslagsgebaseerde geweld”: Hierdie sessie het bewustheid geskep van die omstandereffek, en studente die konsepte van patriargie en vroue-haat help verstaan.
- “Sosiokulturele bewustheid”: Die doel was om 'n platform te skep waar studente hulle sienings oor hulle kulturele en politieke konteks kon verwoord, en kon leer hoe om te kommunikeer wat hulle van mekaar as Suid-Afrikaners verwag. Dit het nuwelingsstudente met belangrike kommunikasievaardighede toegerus om verhoudings te verbeter, konflik met huis- en kamermaats doeltreffender te besleg, en ruimte te skep om van mekaar te leer.

2.6 ResEd-program

Hierdie program is 'n gesamentlike inisiatief van die SR se Transformasie-vertegenwoordiger Viwe Kobokana, die US Transformasiekantoor en die portefeulje vir multikulturalisme van die Afdeling Studentesake. Die vermoëboupogram vir kritiese gespreksforums, wat onder meer op studenteleiers konsentreer, is 'n poging om die negatiewe konnotasie wat in studentegemeenskappe aan kritiese skakeling kleef, te verander.

Die SR en die Transformasiekantoor het 'n raadplegende sessie oor die **hersiening van die Taalbeleid** met die studentegemeenskap gehou. Studente het oor hulle daaglikse ervarings in akademiese en sosiale ruimtes gesels.

2.7 Skryf vir Verandering

Die inisiatief Skryf vir Verandering strook met een van die belangrike doelwitte in die US se Visie 2040. Die doel van die program is om 'n kultuur van ingeligte en genuanseerde kritiese skakeling en gesprekvoering te skep deur studente oor kwessies van transformasie en sosiale geregtigheid op kampus, in die streek, die land en die wêreld te laat skryf, en dit dan te publiseer. Die gedagte is dat die program studente sal help inskakel by, en transformeer in, 'n akademiese gemeenskap wat kritiese denke vier en gesprekvoering aanmoedig.

Die **Transformasiekantoor werk saam met die Skryf-laboratorium** om 'n proefaflewering van die projek aan te bied. Belangstellende studente is genooi om deel te neem. Hulle sal met skryfvaardighede toegerus word, sowel as die vermoë om hulle sienings oor transformasie en sosiale geregtigheid te verwoord. Dit sluit temas soos gender, identiteit, ras, demokrasie, die ekonomie, gestremdheid en toegang in. Hierdie inisiatief is daarop gerig om alle studentestemme in debatte en gesprekke oor aktuele sake te laat opklink.

2.8 Geïntegreerde kursus oor gesondheid en leierskap

Die geïntegreerde kursus oor gesondheid en leierskap, wat in samewerking met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling aangebied word, het in 2020 vir die eerste keer aanlyn plaasgevind weens die COVID-19-pandemie. Kliniese personeel van KGD en die Sentrum vir Studentevoortligting en -ontwikkeling het deelgeneem aan dié kursus, wat studente die gesondheidsorgstelsel as 'n weerspieëling van groter politieke en sosio-ekonomiese historiese ontwikkelings in die land en wêreld help verstaan. Studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het vir die eerste keer ook help klas gee. Konsepte soos gesondheid, gesondheidsorg en persoonlike welwees is bespreek en teen die agtergrond van die huidige ongekende land- en wêreldwye tendense ontleed. Die kursus het uit aanbiedings oor kerntemas, begeleide groeps gesprekke en 'n komponent van kritiese oordenking bestaan.

Die module “Oefening is medisyne” is ook aan die hartbewustheidsveldtog gekoppel. 'n Nuwe toevoeging tot die kursus wat deur KGD-fisioterapeute aangebied is, was noodprotokolle, wat studente onder meer geleer het hoe om verstikking en toevalle te hanteer, sowel as die grondbeginsels van brandveiligheid.

2.9 WOW (Woorde Open Wêreld)

Weens die pandemie kon die Sanlam WOW-spelfees nie in 2020 in die gewone vorm voortgaan nie. Alternatiewe maniere om minstens 'n komponent van die spelfees aanlyn aan te bied, is ondersoek. 'n Aanlyn spelfees het uiteindelik in Oktober 2020 plaasgevind. 'n Spesiale plakkaat met 'n woordelys en spelreëls is onder 100 skole versprei.

Die **WOW-projek** moes in 2020 na alternatiewe maniere soek om studente en skole te ondersteun. Altesaam 64 skole het gebruik gemaak van die WOW Google-klaskamers, wat ekstra klasse en bykomende steun vir leerders in graad 11 en 12 voorsien. Akademiese steun in 13 vakke is met die bystand van 14 fasiliteerders beskikbaar gestel. Uiteindelik het 194 leerders vir die WOW Google-klaskamerprojek geregistreer, van wie 94 aktief kon inskakel en deelneem, en met data bygestaan is. Nege-en-veertig voornemende studente wat vir die WOW Google-klaskamerprojek geregistreer was, het as Matie-eerstejaars ingeskryf. Die totale persentasie geregistreerde studente wat aan die WOW Google-klaskamerprojek deelgeneem het, is 52,7%.

Teen die agtergrond van COVID-19 is hierdie inisiatief besonder relevant as 'n alternatiewe hulpbron om leerders van WOW-skole toegang tot ervare aanbieders te help bekom. Die aanlyn akademiese steun was egter 'n uitdaging vir sommige leerders as gevolg van 'n gebrek aan gepaste toestelle, swak toegang tot data, en onbetroubare internetverbinding.

WOW het ook in 2020 'n aanlyn winterskool aangebied om graad 12's vir die matriekeindeksamen te help voorberei.



WOW Opleiding

2.10 Universiteit Stellenbosch Museum

Die eerste aanlyn Ubuntu-dialoog het op Dinsdag 29 September 2020 plaasgevind. 'n PhD-kandidaat en dosent van die US (Bewaringsekologie en Entomologie), me Rhoda Malgas, het oor die manifestasie van ubuntu in fynbos gesels, terwyl 'n PhD-kandidaat van die Universiteit van Wisconsin-Madison, me Unifier Dyer, in haar aanbieding oor ubuntu en vroue se ervarings as epistemologie gepraat het.

Die tweede Ubuntu-webinaar is op 14 Oktober 2020 aangebied. Hier het dr Luvuyo Dondolo, museumdirekteur by die Universiteit van Fort Hare, die tema "Oordenkings oor ubuntu-filosofie en die historiese geografie van pan-Afrikanisme in Suid-Afrika" ondersoek. 'n Dosent aan die Universiteit van Virginië, VSA, prof John Edwin Mason, het op sy beurt oor "Gordon Parks, A Harlem Family en die perke van empatie" gesels.

Die Andrew W. Mellon Ubuntu-dialoogprogram het op 12 Augustus 2020 'n versoek vir voorstelle vir die akademiese seminaaruitruilprogram sowel as vir aansoeke om nagraadse genootskappe gepubliseer. Die tien begunstigdes aan wie nagraadse genootskappe toegeken is, is Annelize Palmer, Anri Magerman, Kaylon Weppelman, Loandrie Potgieter, Lesego Mabapa, Lwandiso Botozo, Masixole Ndamandama, Nombasa Mbatyoti, Sabelo Jeza en Precious Mahlobo.

Die **webportaal** van die Andrew W. Mellon Ubuntu-dialoogprogram is oop vir die publiek.

Ubuntu dialogues

A partnership project between Michigan State University and Stellenbosch University Funded by the Andrew W. Mellon Foundation

FREE WEBINAR

Register Here ▶

Ubuntu and Women's Experiences as Epistemology

Bio
Unifier Dyer is a PhD candidate in the Department of African Cultural Studies at the University of Wisconsin-Hudson.

Her research interest is in Indigenous Knowledge Systems in contemporary literature and creative writing as an act by women. She completed her MA in African Literature at the University of the Witwatersrand, South Africa. Her research focuses on the role of literature and silence as a weapon of self-affirmation.

Abstract
Unifier's paper re-examines the conversation around women's everyday experiences and explores how a focus on self-care can

challenge positivist, universalist or dominant epistemologies. Drawing on women's embodied knowledge and African and Diasporic feminist thinking it highlights the meeting point between Ubuntu as a moral philosophy that is appropriated for neoliberal reconciliation and contested gender meaning.

The paper presents contemporary feminists and writers who their concern for self-care practices as a counterpoint to persisting patriarchal and patriarchal narratives about women who are often the ones tasked with performing principles of Ubuntu such as hospitality, generosity, forgiveness and caregiving, who yet often remain marginalised in the larger structures of the nation state.

Ubuntu as Expressed in the Nature of Fynbos?

Bio
Rhoda Malgas is a Lecturer and PhD Candidate in the Department of Conservation Biology and Zoology at Stellenbosch University. Her teaching and research centre on social-ecological systems – a conceptual coupling of the natural-human nexus that allows description, analysis and design of natural resource use for conservation-oriented outcomes. Rhoda serves on several boards and Trusts dedicated to conservation action and development.

Abstract
Rhoda's paper explores the idea that nature can be observed and studied as an expression of Ubuntu. It describes the parallels between the Fynbos Biome of South Africa (when in home

as 9 500 species of plants, 70% of which occurs nowhere else in the world), and the human condition and societal realities in the country. In particular, it draws on the ecology of *Aspalathus linearis*, one of the endemic species popularly known in global markets as "rooibos tea," to cultivate the metaphor of Ubuntu.

The paper does so without replicating the Social Darwinism pitfalls of indiscriminately imposing ecological parameters on society. It raises important questions about the promise that Ubuntu and other concepts that derive from the notion of indigenous cultures, for conserving and preserving biophysical and biocultural heritage in South Africa.



Rhoda Malgas
PhD Candidate and Lecturer
Stellenbosch University

September 29th, 2020, 9:00 - 11:00 AM (EST), 3:00 - 5:00 PM GMT +2)

For More Contact:

Upenu Haje (PSU)
mahaje@psu.edu

Mosa Phadi (Stellenbosch)
mophadi@sun.ac.za

African Studies Center
MICHIGAN STATE UNIVERSITY

STELLENBOSCH UNIVERSITY
100 YEARS



TEMA 3: *DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE*

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n raamwerk van beginsels om plaaslike relevansie, streeksimpak en 'n globale reikwydte te verseker ten einde transaksionele vennootskappe te fasiliteer en transformerende vennootskappe te bevorder.
- Bevorder 'n sterk band en interaksie met die sakesektor, die bedryf en die regering om ons sterkpunte te benut, wat werksgeïntegreerde leer, voortgesette professionele ontwikkeling, samewerkende navorsing, konsultasie, lisensiëring, afwentelmaatskappye en kommersiële ondernemings insluit.
- Omarm die gemeenskappe wat ons bedien om sosiale, kulturele, omgewings- en ekonomiese ontwikkeling en verandering teweeg te bring.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumni-gemeenskap uit, en koester ons verhouding met hulle.
- Bou doeltreffende samewerking deur middel van vennootskappe, alliansies en netwerke met ander universiteite, instellings en organisasies, waar sodanige samewerking tot uitnemendheid in onderrig en leer, uitmuntende navorsing en sosiale betrokkenheid en impak bydra.
- Koester gebalanseerde, genetwerkte en wedersyds voordelige vennootskappe wat deur institusionele strukturerings sowel as persoonlike verhoudings gehandhaaf word.
- Smee gepaste vennootskappe met instellings in alle sektore van die samelewing, onder meer in die sferes van die burgerlike samelewing, openbare diskoers, openbare meningsvorming en openbare beleidsbepaling.

3.1 ‘Gesonde’ vennootskappe

In die lig van die COVID-19-pandemie het KGD Stellenbosch Munisipaliteit in die verslagtydperk bygestaan met ’n voltydse telefoniese siftings- en adviesdiens vir werknemers en lynbestuurders wat noodsaaklike dienste lewer. Inligtingsmateriaal is voorsien, sowel as uitgebreide advies oor personeelopleiding in die gebruik van gepaste persoonlike beskermingstoerusting.

KGD het ook ’n diensvlakooreenkoms met die Wes-Kaapse Gesondheidsdepartement gesluit om MIV-kitstoetse, kondome (vir mans en vroue), behandelings vir seksueel oordraagbare infeksies en ander voorbehoeding vir vroue te verskaf om ’n gratis vrouegesondheidsprogram te kan aanbied vir personeel en studente wat die klinieke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus besoek.



Daarbenewens het KGD met die Stellenbosse Sportakademie (SAS), Stellenbosch Munisipaliteit, die Afdeling Fasiliteitsbestuur en ander interne belanghebbendes saamgewerk om ’n mediese **adviesblad** vir die algemene Stellenbosse gemeenskap te skep. Die doel is om veilige ruimtes te skep waar mense vir oefening kan stap. Inligting word ook voorsien om ’n aktiewe leefstyl aan te moedig.

Die Instituut vir Ortopedie en Rumatologie en die SAS het op 8 Maart 2021 ’n fisioterapiehospitaaldiens van stapel gestuur. Dit bied KGD-fisioterapeute ’n geleentheid om vroeg reeds met rehabilitasie te begin vir personeel en studente wat chirurgie ondergaan.

3.2 Stellenbosse Sportakademie

KGD en die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) het kragte saamgesnoer vir ’n projek om sportgeneeskundige dienste te voorsien aan die Stellenbosse Sokkerklub, wat aan die Premiersokkerliga deelneem en vanuit die SAS funksioneer. Sodoende kon sportgeneeskundiges by KGD vroegtydig begin voorberei om sokkerspelers op ’n veilige manier na mededingende sport te laat terugkeer. KGD sal boonop ’n mediese nooddiens lewer by alle Premiersokkerliga-wedstryde wat by Danie Craven-stadion gespeel word.

’n Verdere SAS-samewerkingsprojek is die vestiging van ’n fisioterapiehospitaalpraktik waar SAS-fisioterapeute die konsultante van die Instituut vir Ortopedie en Rumatologie bystaan om hospitaalsiënte te bestuur. Hierdie samewerking skep ook ’n unieke platform vir toekomstige kliniese navorsing en onderrig. Die eerste fase, wat die ontwikkeling van protokolle, prosesse en opleiding behels, is voltooi.



Altesaam 35 kliënte (personeel: 17 vroue en 4 mans; studente: 2 vroue en 12 mans) het in die tydperk 23 November 2018 tot 6 September 2020 die geleentheid aangegryp om met die hulp van 'n program op Tygerbergkampus op te hou rook. Die behandelingskursus het 12 weke geduur. Volgens die resultate het drie van die vrouepersoneellede hulle rookgewoonte gestaak. Nie alle gebruikers het terugvoer voorsien nie.

Danksy 'n diensvlakooreenkoms met die Wes-Kaapse Gesondheidsdepartement kon KGD se program vir reprodktiewe gesondheid sy bestaande dienste uitbrei om nou ook kitstoetse vir seksueel oordraagbare infeksies by KGD-klinieke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus uit te voer. Dié aankondiging het saamgeval met die kondoombewusmakingsveldtog, wat in Februarie 2021 van stapel gestuur is.



3.3 Universiteit Stellenbosch Museum-vennootskappe en -reaksies op COVID-19- uitdagings

As gevolg van die jaarlikse samewerking tussen KGD en die Hart- en Beroertestigting Suid-Afrika (HFSA) gedurende Hartmaand in September het HFSA twee geoutomatiseerde eksterne defibrillators aan KGD geskenk. Hierdie gebruikervriendelike, lewensreddende toestelle is in die biblioteke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus geplaas. Prof Pamela Naidoo, uitvoerende hoof van HFSA en 'n Matie-alumna, het haar alma mater besoek om die toerusting te oorhandig. Die waardevolle toestelle sal tot personeel en studente se gesondheid en welwees bydra. Volgens dr Jo-Anne Kirby van KGD kan 'n onopgeleide persoon 'n defibrillator gebruik om die hart van 'n persoon met hartstilstand (gewoonlik weens 'n hartaanval) weer aan die gang te kry terwyl hulle op 'n ambulans wag.

Weens die uitbreking van COVID-19 kon die US Museum nie soos gewoonlik funksioneer nie. Nadat die inperkingsregulasies teen die middel van Junie 2020 verslap is, het party personeellede egter in Julie na die kampus begin terugkeer en agter die skerms gewoeker totdat die US Museum weer in Maart 2021 sy deure vir die publiek kon open.

Die Museum bied tans 'n verlengde uitstalling getiteld *From the Vault* aan, wat uit versamelings van die US en die Universiteit van Fort Hare (UFH) bestaan. Weens COVID-19 was dit te riskant om die uitstalling te verwyder en UFH se versameling terug te stuur. Die museum het gevolglik met UFH afgespreek om die uitstalling vir langer te hou as waaroor daar aanvanklik ooreengekom is.

Maggie Laubser-kunsversameling

Die US Museum het in September 2020 met die US Biblioteek saamgewerk om die heel grootste aanlyn databasis van die **Maggie Laubser-versameling** tot nog toe te digitaliseer. Navorsers op enige plek ter wêreld sal voortaan op die SUNDigital Collections-platform toegang tot hierdie ryke kunsversameling kan bekom. **Klik hier** vir toegang tot die Maggie Laubser-versameling.




Woensdag-kunsrondwandeling nou aanlyn

As gevolg van COVID-19 moes die US Museum ook sy kunsrondwandeling op die eerste Woensdag van elke maand omskep in 'n reeks maandelikse webinarre oor museumuitstallings en kuns in die algemeen.

In die eerste van dié Woensdag-kunsgesprekke, op 31 Maart 2021, het dr Ernst van der Wal (hoof van die US se Departement Visuele Kunste) en S'nothile Gumede (MA-student in Visuele Kunste, US) gesels oor die uitstalling *Acquisition List*, waarvoor me Gumede as kurator opgetree het. Die uitstalling is gegrond op me Gumede se magistertesis in die visuele kunste en is tans in die US Museum te sien.


In die tweede Woensdag-kunsgesprek, wat op 14 April 2021 gehou is, het prof Thierry Leuscher (navorsingsdirekteur by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, en genootprofessor aan die Universiteit van die Vrystaat) en Asandiswa Bomvana (studentenavorser, UWK) die uitstalling *Aftermath: Violence and Wellbeing in the Context of the Student Movement* bespreek, waarvoor Carl Collison die kurator was. Die gesprek is deur dr Geraldine Frieslaar, kurator van Navorsing, Dialoog en Sosiale Geregtheid by die US Museum, gemoderer, en mnr Ulrich Wolff, kurator van Visuele Kunste, het die amptelike openingsrede gelewer.



Just Conversations

Just Conversations is 'n nuwe reeks webinarre van die US Museum wat op kernkwessies soos ruimtelike geregtigheid, die stryd van werkers, tussengenerasie-uitdagings, grond, identiteit en inheemsheid, die restitusie van Afrikakennis en -artefakte, verswyging in Afrikageskiedenis en die rol van argiewe sal konsentreer. Gemeenskapslede, akademici en praktisyns sal deur die hele jaar oor hierdie en ander onderwerpe gesels.

Die eerste aflewering is op 7 April 2021 aangebied. Dit het bestaan uit 'n paneelbespreking tussen drs Luvuyo Dondolo en Olusegun Morakinyo, onderskeidelik direkteur en navorsingsgenoot van die Sentrum vir Transdissiplinêre Studie aan die Universiteit van Fort Hare (UFH), en dr Sipokazi Madida, 'n dosent in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die gesprek het gehandel oor Dondolo en Morakinyo se boek getiteld *Afrocentric Turn in African Heritage Studies*.



JUST CONVERSATIONS



Die **Afrikatromslaansessies op Dinsdae** word nou weer aangebied. Hier kry studente, personeel en gemeenskapslede 'n geleentheid om die Afrikatrom te leer slaan. Tromslaan is ook 'n goeie spanbouaktiwiteit en bevorder welwees. Die tromslaansessies is gratis, maar het slegs plek vir tien mense op 'n slag. COVID-19-gesondheid-en-veiligheidsprotokolle word streng toegepas en die aktiwiteit vind in die binnehof van die museum plaas. Die eerste sessie is op 13 April 2021 aangebied, en is goed bygewoon.




Ubuntu-dialoogprogram

Weens COVID-19 kon seminaarsprekers van die Ubuntudialoë nie tussen die US en Michigan-staatsuniversiteit reis nie. Derhalwe het die seminare en die internasionale nagraadse genootskappe en samewerking tussen die twee universiteite na die kuberruim verskuif.

Die **Ubuntu-dialoogprogram, wat deur die Andrew W. Mellon-stigting gefinansier word**, het die uitslag van die keuringsproses vir die akademiese seminaaruitruilgenootskappe vir 2021 bekend gemaak. Die volgende vyf genote is ná 'n streng onderhoudproses gekies:

- Dr Nadia Sanger, senior dosent in die Departement Engelse Studie aan die US
- Dr Motsamai Molefe, senior navorser aan die Universiteit van Fort Hare
- Dr Allison Geduld, senior dosent in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan Noordwes-Universiteit
- Me Sinethemba Makanya, PhD-student van die Wits Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing
- Mx Ashwin Thyssen, PhD-student in Sistematiese Teologie en Ekklesiologie in die Fakulteit Teologie, US

Die Ubuntu-dialoogprogram is 'n uitruilprogram tussen die US en Michigan-staatsuniversiteit. Die programseminare vind plaas in die vorm van oorgrensdialoog en intellektuele skakeling met die klem op die betekenis van ubuntu, pan-Afrikanisme, en die dekolonisasie van kennis en instellings, as konsepte én praktyk binne en buite Afrika. Die eerste webinaar vir 2021 was op 30 Maart, en die tweede op 13 April.



3.4 Sosiale Impak-vennootskappe

Die Afdeling Sosiale Impak het op 3 September 2020 sy jaarlikse **Sosiale Impak-simposium** aangebied, dié keer aanlyn. Die hoofdoel was om die uitwerking van COVID-19 op sosiale impak in plaaslike en internasionale verband te ondersoek. Personeellede, studente en eksterne vennote het vir die geleentheid ingeskakel. Die simposium het ook verken hoe gemeenskaplike en gesamentlike leerruimtes geskep kan word waar personeel en studente inisiatiewe vir sosiale impak gedurende en ná COVID-19 kan bestudeer. Daarbenewens het die simposium dieper gedelf in die pandemieverwante uitdagings én geleenthede vir praktisyne en gemeenskappe plaaslik en internasionaal, en kon personeel en studente gesels oor die lesse en insigte wat hulle deur hulle ervarings verkry het.

Die volgende aanbiedings is gelewer:

- “Afrikasamewerkings en -bydraes tot sosiale impak gedurende die COVID-19-pandemie” deur dr Nico Elema
- “Werk gedurende COVID-19: Die persoonlike en professionele oordenkings van rehabilitasieklinici” deur prof Lana van Niekerk
- “Die uitdagings van verandering: Aanlyn wynmaakopleiding vir studente van vennootkolleges” deur dr Marianne Mackay
- “Ry die golf van die COVID-19-pandemie teen die agtergrond van gesondheid en welwees in ’n kampusgemeenskap” deur dr Pierre Viviers

Die Afdeling Sosiale Impak het ook die publikasie **Sosiale Impak @ Universiteit Stellenbosch** vir 2019 uitgegee – ’n inspirerende versameling suksesverhale van samewerking tussen die Universiteit en omliggende gemeenskappe (**Engelse** en **Afrikaans** weergawes). Die fakulteitsgebaseerde inisiatiewe in die publikasie beklemtoon US-temas wat met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte strook.

Mnr Mawethu Nyakatya van die Afdeling Sosiale Impak is die medevoorsitter van die Kaapse Hoërondewyskonsortium (CHEC) en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering (WKPR) se gesamentlike taakgroep vir die versterking van die vennootskap tussen die WKPR en die vier universiteitslede van CHEC, naamlik die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT), die US, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Wes-Kaapland. Die opdrag van die taakgroep is om raamwerke en benaderings te ontwikkel wat gesamentlike navorsingsgebaseerde innovasie ondersteun.

Aangesien die pandemie inwoners, organisasies en regerings gedwing het om te midde van snelle verandering te improviseer, het die WKPR besef hoe belangrik gesamentlike innovasie sal wees om sy provinsiale herstelplan te implementeer in ’n uitdagende sosio-ekonomiese omgewing wat deur begrotingsbesnoeiings gekenmerk word. Gevolglik is ’n versoek vir voorstelle in Februarie 2021 uitgereik om te verken hoe universiteite in die provinsie met die WKPR en die bedryf kan saamwerk om streeksinnovasie op een bepaalde fokusgebied van die provinsiale

herstelplan te ondersteun. Die doel is om ’n robuuste, volhoubare, gekoördineerde en impakryke innovasienetwerk of -stelsel te skep of te bou, wat uit deelnemers van die hoër onderwys, die WKPR en die privaat sektor bestaan.

Mnr Nyakatya het ook onlangs die Afdeling Sosiale Impak verteenwoordig toe die Universiteit van Sentraal-Florida (UCF) in Orlando, VSA, ’n **gemeenskapskakelingsbeurs** aan die Afdeling toegeken het.

Die beurs behels ’n reeks aanlyn UCF-lesings oor gemeenskapskakeling met tien ander vakkundiges van oor die hele wêreld. Die lesings is afgestem op portuurleer om ontwikkeling op UCF se Orlando-middestadkampus te bevorder. Mnr Nyakatya het as deel van die reeks op 11 Mei 2021 ’n aanlyn openbare lesing oor skakeling tussen universiteite en gemeenskappe aangebied.

3.5 Universiteit Stellenbosch Woordfees-vennootskappe

Die Woordfees is ’n stigtersvennoot van die nuwe Tribuo-kunstenaarsnoodlenigingsfonds. Die fonds beoog om finansiële bystand te voorsien aan uitvoerende kunstenaars en ander werkers in die kreatiewe bedryf wat weens die COVID-19-inperking tans weinig indien enige inkomste kan verdien.

3.6 WOW (Woorde Open Wêreld)

WOW sal met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) saamwerk om aanlyn leeskringe en boekklubs aan te bied. Die tradisionele minikunstefeeste by skole word vervang met beeldmateriaal van leerders wat ’n monoloog of gedig voordra.

Nuwe projekte vir 2021 sluit in ’n vennootskap met die WKOD in Atlantis, die aanbieding van die Year Beyond-projek in sewe skole, die opname van voorgeskrewe letterkunde vir graad 12’s deur stembekenners, en die vestiging van aanlyn leeskringe by 18 hoërskole.

3.7 Transformasiekantoor-vennootskappe

Eksterne vennootskappe en netwerke

Die Transformasiekantoor is ’n koördineringsvennoot van die **UK-KSUT-US Inklusiewe Praktijk-praatjereeks**. Die doel van die seminaarreks is om sinvolle dialoog oor transformasiepraktyk tussen universiteite, die burgerlike samelewing, die sakesektor en die regering aan te moedig. Die derde seminaar getiteld “Meer as taakgroepe, ondersoeke en transformasiekomitees: Die hantering van rassisme in die hoër onderwys” is op Maandag 31 Augustus 2020 aanlyn aangebied. Sprekers was prof Thabo Msibi (UKZN), genootprofessor Nomusa Makhubu (UK) en prof Desiree Lewis (UWK). Dr Asanda Benya (UK) het die gesprek gemodereer.



Dr Sianne Alves (direkteur van die Kantoor vir Inklusiwiteit en Verandering, UK), dr Nonkosi Tyolwana (direkteur van Transformasie, KSUT) en dr Claire Kelly (Transformasiekantoor, US)

Daarbenewens is die Transformasiekantoor 'n koördineringsvennoot van die nuwe **Transformasie-bestuurdersforum-(TBF-)kollokwium**, wat uit 'n reeks seminare elke Vrydag van 10:00 tot 13:00 bestaan. Die gedagte is om transformasiepraktisyns, amptenare en akademici byeen te bring. Die kollokwium draai om die kategorieë van die

Transformasiebarometer, 'n belangrike riggsnoerdokument vir transformasiepraktyk in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys. Die eerste seminaar, oor institusionele kultuur, is op Vrydag 2 Oktober 2020 aangebied. Die fasiliteerder was mnr George Mvalo (TBF-voorsitter) en die aanbieder prof Rozena Maart (UKZN). Sessie-onderwerpe sluit die volgende in:

- Oorsigbestuur - administrateursverslae
- Oorsigbestuur - tipologieë van korrupsie
- Dekolonisasie - visuele regstelling
- Dekolonisasie - die akademiese projek
- Die studenteleeu en studentesukses
- Billikheid, regstelling, inklusiwiteit - gestremdhedsinsluiting
- Billikheid, regstelling, inklusiwiteit - diensbillikheid en die diversifisering van die akademiese profiel
- Billikheid, regstelling, inklusiwiteit - gendertransformasie (wat LGBTI insluit)
- Geslagsgebaseerde geweld
- Die Transformasiebarometer as 'n instrument

Nóg 'n projek waarvoor die Transformasiekantoor as 'n koördineringsvennoot optree, is die ontwikkeling van 'n **aanlyn hulpbron vir hoëronderwystransformasie ("ORHET")**. Dit verteenwoordig 'n belangrike vennootskap tussen die US en CriSHET, die leerstoel vir kritiese studie oor die hoër onderwys en opleiding by Nelson Mandela-universiteit. Danksy CriSHET-finansiering is 'n nadoktorale student aangestel om aan die projek te werk.

As deel van die **US se Jaar vir Persone met Gestremdhede** het die Transformasiekantoor 'n aantal artikels deur persone met gestremdhede by die US gepubliseer. Dit sluit in **"Wat is my superkrag? Ek het konversiesteuring. Nie 'konvulsie' nie, KONVERSIE. Die versteekte gestremdheid"**, **"My passie is om vir dowe kinders skool te hou"**, en **"Die kenmerk van 'n vegter is om deur die storm vorentoe te beur..."**.

3.8 Visuele regstelling

'n Kunswerk ter viering van die Grondwet van Suid-Afrika is voor die US se Ou Hoofgebou in Ryneveldstraat, Stellenbosch, opgerig. Die installasie bestaan uit drie afsonderlike metaalplate waarop die aanhef van die Grondwet in drie tale (Afrikaans, Engels en Xhosa) verskyn.

Die Fakulteit Regsgeleerdheid het hierdie projek in 2017 aangevoer as deel van die US se proses vir visuele regstelling, wat beoog om kuns en simbole op die Universiteit se kampusse aan te bring om uitvoering te gee aan die instelling se visie van 'n inklusiewe instelling.



Ou Hoofgebou-ir stal sie. Foto raaf Stef El:



TEMA 4: *GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER*

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Konsentreer op 'n leergerigte benadering tot onderrig, en bevorder terselfdertyd 'n holistiese begrip van onderrig en leer.
- Bevorder interdisiplinêre en interprofessionele onderrig en leer deur studente in staat te stel om aan 'n leergemeenskap deel te neem waar personeel en studente saamwerk om te leer, probleme op te los, navorsing te doen en te innoveer.
- Skep 'n instelling van voortdurende leer wat vaardig is in die medeskepping en uitruiling van kennis en insigte.
- Bevorder die professionalisasie van akademici in hulle onderrigrol, en die akademieskap van onderrig en leer.
- Ontwikkel 'n digitale strategie om as grondslag te dien vir digitale vaardigheid en die sinvolle integrasie van leertegnologieë in die strewende na 'n genetwerkte Universiteit wat studente, personeel en alumni betrek en inspireer.
- Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien.
- Bevorder die voortdurende vernuwing van die Universiteit se akademiese programme deur middel van 'n sistemiese proses waarin bepaalde rolle en verantwoordelikhede duidelik aan verskillende rolspelers toegeken word.

4.1 Kampusgesondheidsdiens

In 2020 was daar weinig kliniese geleentheid vir Fisioterapie-finalejaarstudente weens die impak van COVID-19 op die hospitaalopleidingsplatforms. 'n Rotasieblok van tien weke is ingestel om soveel moontlik kliniese blootstelling te bied. Studente en KGD-fisioterapeute het 'n werksessie (waaronder 'n uitgebreide COVID-19-oriëntering) voltooi, wat kontakopleiding en -pasientekonsultasies ingesluit het.

Sportgeneeskundiges by KGD het hand bygesit met die kliniese assessering en studieleiding van studente in die program MSc Sport- en Oefeninggeneeskunde in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. KGD-fisioterapeute sal ook direk betrokke wees by die assessering van Fisioterapie-finalejaarstudente.

KGD bied elke Vrydag geakkrediteerde praatjies vir voortgesette professionele ontwikkeling (VPO) aan. Die noodgedwonge oorskakeling van kontak- na aanlyn aanbiedings het dit vir heelwat meer afgevaardigdes uit 'n wye verskeidenheid beroepe en bedrywe, waaronder studente en personeel van die US en eksterne gesondheidsberoepslui, moontlik gemaak om hieraan deel te neem. VPO-geleentheid het ingesluit 'n aanbieding deur KGD-fisioterapeut Greshne Davids oor “Ergonomie - werkstasie-inrigting vir optimale gesondheid”, 'n praatjie deur dr Elma de Vries oor “Die bestuur van 'n transgenderpasient”, en 'n aanbieding deur die senior direkteur van KGD, dr Pierre Viviers, oor “Etiese plig ten opsigte van geslags- en huishoudelike geweld”. Hierdie aanbiedings het goed aangesluit by KGD se klem op gesondheid en welwees.

4.2 Universiteit Stellenbosch Museum

Die Het Jan Marais Nasionale Fonds het in September 2020 finansiering van R50 000 vir die program Toegang tot die Visuele Kunste goedgekeur. Die program draai om kunsbemaagtiging vir leerders uit benadeelde omstandighede.

4.3 Sosiale Impak

As 'n stigtersvennoot van die **Internasionale Simposium oor Diensleer**, is die US aktief betrokke by die beplanning en voorbereidings vir die **agtste aflewering van dié geleentheid** wat in Junie 2021 aanlyn sal plaasvind. Die US werk sy aan sy met die Universiteit van Nicosia in Griekeland en die Universiteit van Indianapolis in die VSA om die wêreldwye simposium aan te bied. Die tema is “Kritiese diensleer wêreldwyd: Omskep onderrig in sosiale aksie”.



Universiteit Stellenbosch Museum



TEMA 5: *NAVORSING VIR IMPAK*

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n navorsingsagenda wat op die US se waardes, die samelewing se behoeftes en die noodsaak van volhoubaarheid berus.
- Onderneem betekenisvolle navorsing op grond van uitgesoekte, toegespitste strategiese navorsingsgebiede.
- Rig die toekomstige navorsingsagenda en betrek ons belanghebbendes op 'n strategiese wyse.
- Onderneem samewerkende en interdisiplinêre navorsing wat die groot uitdagings van die samelewing die hoof bied.
- Skep 'n verankerde kultuur van innovasie en entrepreneurskap in ons navorsing.

5.1 Kampusgesondheidsdiens

Samewerking tussen KGD en die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) behels onder meer navorsing op die gebied van sokker-geneeskunde. ISOG is een van slegs twee Afrika-mediese sentrums van uitnemendheid van die Internasionale Sokkerfederasie (FIFA). KGD staan ISOG by met 'n FIFA-navorsingsprojek oor die uitwerking van COVID-19 op sokkerspelers. Saam met vennote van Iran, Pole, Meksiko en Thailand ondersoek die navorsing voordeelnamesifting vir skeletspiertoestande by sokkerspelers, sowel as die stelselspesifieke vereistes vir spelers se geestesgesondheid gedurende die pandemie.

KGD het in die verslagtydperk ook twee artikels die lig laat sien. Dr Jo-Anne Kirby het 'n hoofartikel oor die 'pandemies' van obesiteit en onaktiwiteit in die *South African Journal of Clinical Nutrition* gepubliseer.

South African Journal of Clinical Nutrition 2020; 33(2):27-30

Open Access article distributed under the terms of the Creative Commons License (CC BY-NC-ND 4.0) <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0>

SAJCN

ISSN 1607-0658 EISSN 2221-1268
© 2020 The Author(s)

GUEST EDITORIAL

COVID-19 pandemic... what about the obesity and inactivity "pandemics"?

JH Kirby^{a,b,c} and RG Duffett^{a*}

^a Campus Health Service, Stellenbosch University, South Africa

^b Institute of Sport and Exercise Medicine, Division of Orthopaedic Surgery, Department of Surgical Sciences, Faculty of Medicine and Health Sciences, Stellenbosch University, South Africa

^c International Olympic Committee Research Centre, South Africa

^d Faculty of Business and Management Sciences, Cape Peninsula University of Technology, South Africa

*Corresponding author, email: duffett@cput.ac.za

Dr Pierre Viviers en kollegas van die Suid-Afrikaanse Sportgeneeskundevereniging het op hulle beurt 'n situasieskrif oor die implikasies van COVID-19 vir die hervatting van sport in Suid-Afrika in die *South African Journal of Sports Medicine* gepubliseer.

Albei publikasies is op die KGD-webtuiste by <http://www.sun.ac.za/english/CampusHealth/research-development/recent-publications> te kry.

KGD, ISOG en die Universiteit van Calgary (Kanada) is deel van 'n internasionale multisentrumstudie oor harsingskudding. Die studie word deur die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) gefinansier, en word moontlik gemaak deur die noue werksverhouding tussen KGD en ISOG, wat 'n geakkrediteerde IOK-navorsingsentrum is. Een van KGD se fisioterapeute doen haar magisternavorsing, en versamel dus data, oor harsingskudding. Die studie handel oor risikofaktore wat die terugkeer na spel ná sportharsingskudding vertraag. Dit is iets waarmee die fisioterapeute gereeld in hulle praktyk te doen kry; daarom is dit besonder voordelig om hulle

kennisbasis en vaardighede in hierdie verband uit te brei. Veertig Varsitybikerspelers is in fase 1 van die projek gesif, en sal die hele seisoen deur gemoniteer word. Die Universiteit van Calgary het aanbeveel dat alle mediese personeel wat aan die studie deelneem, die massiewe oop aanlyn kursus (MOOC) oor harsingskudding voltooi. Al drie KGD-fisioterapeute het dus op 27 September 2020 vir die eietempokursus geregistreer, wat binne sewe weke voltooi moet word.

KGD het sy doel bereik om vier portuurbeoordeelde navorsingstukke in geakkrediteerde vaktydskrifte te publiseer. Die COVID-19-pandemie was die tema van drie impakryke publikasies, en die multisentrumpublikasie van Ramagole en kollegas is as die gewildste artikel in die *South African Journal of Sports Medicine* aangewys.

- Ramagole D, Janse van Rensburg DC, Pillay L, **Viviers P**, Zondi P en Patricios J. **Implications of COVID-19 for resumption of sport in South Africa: A South African Sports Medicine Association (SASMA) position statement - Part 2.** *S Afr J Sports Med.* 2020;32(1):1-5. <https://doi.org/10.17159/2078-516X/2020/v32i1a8986>
- Kirby JH en Duffett RG. **COVID-19 pandemic ... what about the obesity and inactivity "pandemics"?** *South African Journal of Clinical Nutrition.* 2020;33(2):27-30.
- Ramagole D, Janse van Rensburg DC, Pillay L, **Viviers P**, Zondi P en Patricios J. **Implications of COVID-19 for resumption of sport in South Africa: A South African Sports Medicine Association (SASMA) position statement - Part 1.** *S Afr J Sports Med.* 2020;32(1):1-6. <https://doi.org/10.17159/2078-516X/2020/v32i1a8454>

Die studie Wellness@Work (N17/04/033), oor die gesondheid en welwees van Kampussekuriteitsbeamptes, het na aanleiding van die bevindinge van 'n proefstudie 'n aanvang geneem. Die doel van die studie is om kardiovaskulêre risiko te verlaag.

5.2 Sosiale Impak

'n Raadplegende vergadering het op 5 Maart 2021 plaasgevind om die ontwikkeling van 'n raamwerk vir betrokke navorsing vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting te bespreek. Die voorname is om 'n gemeenskaplike begrip van betrokke navorsing én van die uitdagings en geleenthede vir betrokke navorsing in Suid-Afrikaanse verband te vorm. Gevallestudies en beskikbare literatuur oor betrokke navorsing sal ondersoek, uitgeruil en uitgelig word.

Navorsingsfinansiering ter waarde van R500 000 is aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, UWK en die US gesamentlik toegeken om 'n raamwerk vir 'n **streeksinnovasiestelsel** te skep wat die ekonomiese en maatskaplike uitdagings van die Wes-Kaap die hoof kan bied. Hierdie streeksinnovasiestelsel is die eerste praktiese ruimte vir samewerking tussen dié instellings om innovasie in verskillende sektore aan te moedig.



TEMA 6: *VOORKEURWERKGEWER*

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n omvattende mensestrategie vir die US wat diversiteit en billikheid aanspreek, unieke talente en sterkpunte benut, lewenslange leer bevorder en prestasies vier.
- Versterk die welstand van ons mense deur 'n instaatstellende, inklusiewe, billike, gesonde en veilige werks- en leeromgewing te skep en te bevorder wat ons diverse personeel aanspoor om so produktief moontlik te wees, en waar hulle gewaardeer voel en tot die universiteit se uitnemendheid bydra.
- Verbeter menslikehulpbronprosesse deur die toepassing van tegnologie en digitalisering.
- Ontwikkel en implementeer 'n vernuwende plan vir talent-werwing en -bestuur, met inbegrip van markverwante vergoeding, die bestuur en beloning van prestasie, die bepaling van bevoegdhede, en die ontwikkeling van talent en leierskap deur die hele loopbaansiklus van elke US-werknemer.
- Ondersteun die ontwikkeling van die US as 'n leerorganisasie wat op individuele sowel as organisatoriese behoeftes reageer.

6.1 Evaluering van Menslike Hulpbronne

Die konsultante Korn Ferry het die finale volledige verslag oor die evaluering van die Afdeling Menslike Hulpbronne by die Rektoaraatsvergadering op 11 November 2020 voorgelê. Die Rektoaraat het die verslag aanvaar. Die aanbevelings om die Menslike Hulpbronne-struktuur op die vlak van funksionele uitnemendheid te laat funksioneer, sal in drie fases vanaf 2022 tot 2024 in werking gestel word. Menslike Hulpbronne handel tans sy begrotingsvoorlegging vir die aanbevole wysigings aan die Afdeling se struktuur, werksaamhede en mandaat af, wat gedurende die Universiteit se begrotingsproses oorweeg sal word.

6.2 Universiteit Stellenbosch-opname oor personeelwelwees, -kultuur en -klimaat 2019/20

Die doel van die US se opname oor personeelwelwees, -kultuur en -klimaat was om werknemers se welwees en werktevredenheid kwantitatief te bepaal, en ook hulle mening oor die kultuur en klimaat in die werksomgewing in te win.

Altesaam 1 095 werknemers het deelgeneem – 52,1% meer as die 720 wat in 2017 aan die Universiteit se eerste kultuur-en-klimaatopname deelgeneem het.

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur en Menslike Hulpbronne het in die verslagtydperk voortgegaan om inligtingsessies in VS'e en fakulteite aan te bied om die bevindinge vir daardie spesifieke omgewings te bespreek.

'n Verslag oor die bevindinge én beplande maatreëls wat die US sal instel, is in Augustus 2020 uitgereik. Dit is deur verskeie gepaste kanale aan die kampusgemeenskap oorgedra. Die opname, wat ook met die leiers van alle US-omgewings bespreek is, het bevind dat personeel oor die algemeen trots is daarop om by die Universiteit te werk, positief is oor die toekoms van die instelling, en deeglik bewus is van Visie 2040. Nóg 'n bemoedigende teken is dat personeel aangedui het dat hulle hulle werk geniet en sinvol vind, en dat hulle bydrae tot die US 'n verskil maak. Wat welwees betref, het die opname bevind dat personeellede bo 60-jarige en onder 30-jarige ouderdom aansienlik gelukkiger is by die werk as hulle kollegas in ander ouderdomskategorieë.

Personeellede het verskeie faktore genoem wat tot 'n ongelukkige werksomgewing bydra. Dít sluit in swak vergoeding, 'n gebrek aan erkenning vir prestasies, en swak kommunikasie deur die bestuur. Personeel het ook aangedui dat gebrekkige bevorderingsgeleenthede hulle welweesbenadeel, en het kommer uitgespreek oor (on)gelyke behandeling, bevorderingsgeleenthede vir vroue in die besonder, en boelies by die

werk. Hoewel personeel volgens die opname positief is oor transformasie, het deelnemers nietemin kommer uitgespreek oor verskeie transformasie- en insluitingsaangeleenthede by die Universiteit.

Die aanbevelings van die beheer Komitee van die US-opname oor personeelwelwees, -kultuur en -klimaat is by die Rektoaraatsvergadering op Dinsdag 8 September 2020 goedgekeur en aanvaar. 'n Amptelike mededeling is op Vrydag 18 September 2020 aan alle personeellede gestuur.

Noudat die opnameverslag aanvaar is, het die Rektoaraat en ander institusionele belanghebbendes betroubare data tot hulle beskikking om as 'n basislyn te gebruik vir die ontwikkeling en monitering van intervensies en die versterking van huidige werk wat in die verskillende VS'e en fakulteite aan die gang is. Die aanbevelings is soos volg:

- Dat die US 'n sterker klem op die welwees van personeel plaas deur verskeie inisiatiewe te implementeer, waaronder die finale aanvaarding en implementering van die konsepplan vir personeelgesondheid en -welwees, wat ook met genoeg hulpbronne moet gepaardgaan.
- Dat bestaande inisiatiewe en strukture vir transformasie op institusionele en omgewingsvlak versterk word.
- Dat die verslag van die taakgroep vir die opwaartse mobiliteit van PASD-personeel afgehandel en die aanbevelings daarin geïmplementeer word, en dat die bekostigbaarheid van akademiese bevorderings sowel as billikheid ten opsigte van die bevordering van vroue verseker word.
- Dat die taakgroep vir personeelaanspooring hulle aanbevelings vir die erkenning en waardering van alle personeellede voltooi, en dat dit geïmplementeer word.
- Dat strukture en inisiatiewe wat op inklusiewe gelykheid en die uitskakeling van boeliery in die werkplek konsentreer, soos die Eenheid vir Gelykwaardigheid, versterk word.
- Dat, benewens die institusionele maatreëls, alle Universiteitsomgewings in samewerking met Menslike Hulpbronne en Inligtingsoorsigbestuur prioriteitsaandag skenk aan die spesifieke uitdagings in hulle omgewings wat in die opname uitgewys is.

Die US het in 2021 die volgende vordering met die aanbevelings gemaak:

- Die Universiteit het die aanbeveling vir 'n plan vir personeelgesondheid en -welwees uitgevoer. Die plan is op 9 Februarie 2021 goedgekeur, en implementering het reeds begin. Die eerste vergadering van die pas gestigte Institusionele Komitee vir Personeelgesondheid en -welwees het op 11 Maart 2021 plaasgevind.
- Wat die versterking van huidige inisiatiewe en strukture vir transformasie op institusionele en omgewingsvlakke betref, het die Transformasiekantoor op 5 Februarie 2021 'n strategiese beplanningssessie van die ITK gefasiliteer en die fakulteitstransformasie Komitees versterk.

- Die Rektorat het die verslag oor personeelaansporings op 11 November 2020 aanvaar. Om die saak verder te voer, sal 'n kleiner taakgroep nou ondersoek instel na bonusse, met die oog daarop om in Augustus 2021 'n finale voorstel aan die Rektorat voor te lê.

Soos wat Visie 2040 sê, is ons doel om die welwees van alle personeel te verbeter deur 'n instaatstellende, inklusiewe, billike, gesonde en veilige werks- en leeromgewing te skep wat ons elkeen aanmoedig om ons potensiaal te bereik, en waar ons almal gewaardeer voel en tot die US se uitnemendheid bydra. Om ons vordering met hierdie doel te meet, is ons daartoe verbind om die opname oor personeelwelwees, -kultuur en -klimaat in 2022 te herhaal. Gereelde terugvoer oor die implementering van die aanbevelings sal ook voorsien word.

6.3 Steun vir personeel gedurende en ná COVID-19

Die Welweeskantoor het die volgende sessies aangebied om personeel te ondersteun, en sal in dié trant voortgaan:

1. Ontlontingsessies vir frontliniewerkers, departemente en fakulteite
2. Basiese geestesgesondheidsnoodhulp vir lynbestuurders
3. Hoe om kritiese gesprekke aan te voer (lynbestuurders en algemene personeel)
4. Konflikbestuur (lynbestuurders)
5. Hoe om doeltreffende verhoudings in die werkplek te bou (lynbestuurders)
6. Middelmisbruik in die werkplek (lynbestuurders)
7. Bewustheid van die Werknemerbystandsprogram en beskikbare psigososiale steun (trauma-ontlonting- en beradingsessies)

6.4 Werknemerbystandsprogram

Die US het aan die einde van 2020 die reikwydte van die Personeelwelweeskantoor uitgebrei deur 'n vennootskap met 'n eksterne diensverskaffer, Life Employee Health Solutions (Life EHS - Careways Groep), te smee. Die doel van dié hulpbron is om personeellede en hulle gesinne in **algehele vertroulikheid** met verskeie persoonlike en professionele kwessies by te staan. Die diens is heeldag, heelweek en heeljaar beskikbaar. Kontak- en/of aanlyn berading hanteer kwessies soos persoonlike probleme; familie- en verhoudingsprobleme; alkohol- of middelmisbruik; dobbel- of ander verslawings; stres en lewensveranderinge; geweld en trauma; die impak van akute en chroniese siekte; rou- en werksverwante kwessies; skuldberading; persoonlike begrotings; skuld- en aftredebestuur; gesondheidsinligting; algemene gesondheid- en welweesadvies, waaronder dieetleiding, en professionele telefoniese regsbystand en hulp met die opstel van basiese regsdokumente, soos testamente, volmagbriewe, residensiële huurkontrakte en algemene verkoopsooreenkomste.

Met die implementering van die nuwe Werknemerbystandsplan het die Welweeskantoor ook vier algemene Werknemerwelwees-inligtingsessies en een sessie vir lynbestuurders gehou. Die Welweeskantoor het boonop met KGD, die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Dieetkunde) en Matie Sport saamgewerk om twee opvoeding- en bewusmakingsveldtogte aan te bied oor oefening, ergonomie en die belang van voeding om uitputting te keer.

6.5 Kampusgesondheidsdiens

KGD is by Discovery Vitality as 'n primanetwerkverskaffer geregistreer. Dit beteken dat die kliniese personeel van KGD belangrike gesondheidsiftings en voorkomende gesondheidsevalueringe vir alle Discovery Vitality-lede mag uitvoer. Hierdie evalueringe stel lede in staat om Vitality-punte te verdien.

KGD het ook met Menslike Hulpbronne saamgewerk om mediese basislynsiftings in werking te stel om aan statutêre riglyne te voldoen.

Die US se Biokinetikasentrum en KGD-fisioterapeute het 'n gesondheid-en-welweeswebinaar vir personeel aangebied oor onderwerpe soos voeding, fisiese aktiwiteit en postuurverwante toestande, soos verkeerde sitposisies.

KGD se gesondheid-en-welweesdienste sluit ook onderwerpe in wat op die Wêreldgesondheidsorganisasie se gesondheidskalender verskyn. Vir dié doel het KGD die afgelope paar maande nie net COVID-verwante gesondheidsake hanteer nie, maar ook bewusmaking- en opvoedingsveldtogte oor ander gesondheidstoestande vir personeel aangebied.

6.6 Dagsorg

Die voorsiening van gepaste dagsorgdienste op Stellenbosch- en Tygerbergkampus het deurlopend aandag ontvang. Bykomende moontlikhede, waaronder meer kostedoeltreffende oplossings vir Tygerbergkampus, is ondersoek.

Bystand is gedurende die COVID-19-tydperk aan die Babin-dagsorgsentrum op Stellenboschkampus verleen. Die US en die Seed-trust, wat die Babin-kleuterskool en -dagsorgsentrum bedryf, het in Februarie 2021 'n samewerking- en ondersteunings-ooreenkoms onderteken. Die ooreenkoms versterk die US se jare lange vennootskap met Babin op die volgende maniere: Die US erken Babin/die Seed-trust amptelik as 'n dagsorgverskaffer van die Universiteit; die kinders van personeellede en senior studente van die US geniet voorkeur vir plasing in die Babin-sentrum, en die US bevorder en ondersteun deurlopende interaksie tussen die Seed-trust en verskeie US-omgewings, waaronder omgewings vir leer en onderrig, en vir navorsing vir impak.

6.7 Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit

'n Hersiene Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit is ná kampuswye oorlegpleging goedgekeur. Die kode word reeds ten volle in werwing- en keuringsprosesse geïmplementeer en toegepas.

Die nasionale mikpunt vir die indiensneming van mense met gestremdhede is 3%. Die US het tans 33 personeellede met gestremdhede in diens, wat net onder 1% van die nasionale teiken is.

6.8 Transformasiekantoor en Diensbillikheidskantoor

Die Transformasiekantoor en die Diensbillikheidskantoor het saamgewerk om die **aanlyn Siyakhula-seminaarreeks** bekend te stel. Sessies word elke Vrydag van 10:30 tot 13:30 gehou, en handel oor onderwerpe soos godsdienstige en kulturele insluiting, genderopleiding, vroue by die werk, dekolonisasie, bemiddeling en konflikbeslegting, transformerende leierskap en waardegebaseerde besluitneming.

Meer as 300 mense het in die verslagtydperk vir die Siyakhula-werksessies ingeskakel.

6.9 Senior aanstellings

Aanstellings

Prof Deresh Ramjugernath is met ingang van 1 Januarie 2021 as die nuwe Viserektor: Leer en Onderrig aangestel.

Me Christelle Feyt is met ingang van 1 Augustus 2020 as senior direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking aangestel.

Dr Zethu Mkhize is met ingang van 1 November 2020 as direkteur van die Transformasiekantoor aangestel, en sal 'n kernrol vervul om die implementering van die US se Transformasieplan te fasiliteer en te versterk.

Heraanstellings

Prof Nico Koopman is vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2026 vir 'n volgende termyn as Viserektor: SITP aangestel, en prof Hester Klopper vir die tydperk 1 Augustus 2021 tot 31 Julie 2026 as Viserektor: Strategie en Internasionalisering.

Verlenging van aanstellingstermyn

Prof Jimmy Volmink se termyn as dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is tot 31 Desember 2021 verleng.

6.10 Program vir 'n nuwe generasie akademië (nGAP)

Die US het daarin geslaag om 'n verdere vyf poste van die nasionale program vir 'n nuwe generasie akademië (nGAP) te bekom. Die totale getal nGAP-poste by die US staan dus nou op 32. Die Fakulteit Ingenieurswese se departemente Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese en Siviele Ingenieurswese het twee poste ontvang, en die ander drie poste is aan die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika en die Departement Biomediese Wetenskappe in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe toegeken.

6.11 VORDERING MET DIVERSITEIT

6.11.1 Institusionele liggame

Samestelling van die SR, 2015–2020

Hieronder volg 'n paar statistieke om die vordering met betrekking tot institusionele diversiteit by die Universiteit te toon.

SR-ampstermyn	Totaal	Geslag		Ras				
		Mans	Vroue	Afrikaan	Bruin	Indiër	Wit	Buitelands
2019/20	22	10	12	10	4	0	6	2
2018/19	20	12	8	5	3	0	11	1
2017/18	15	10	5	4	2	2	7	0
2016/17	15	8	7	8	3	1	3	0
2015/16	15	9	6					

Samestelling van die Raad, 2015–2020

JAAR	WIT		BRUIN		AFRIKAAN		INDIËR		TOTAAL
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
2020	8	2	5	2	1	4	0	1	23
2019	14	4	7	1	0	3	0	1	30
2018	13	3	8	1	1	4	0	0	30
2017	15	4	6	2	1	2	0	0	30
2016	14	2	7	0	1	2	0	0	26
2015	19	1	5	0	0	2	1	0	28

Institusionele Forum, 2015–2020


	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Indiërvroue			2	1	1	
Bruin mans	6	3	4	3	7	5
Bruin vroue	1	1	4	1		1
Swart mans	2	4	5	4	4	4
Swart vroue		2			1	2
Wit mans	14	10		12	11	5
Wit vroue	6	12	15	8	8	6
Vroue, ras onbekend	2					
Mans, ras onbekend	1					
Totaal mans	23	17	24	19	22	14

Senaat, 2015–2020

	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Indiërmans	9	11	10	9	10	11
Indiërvroue	3	3	3	3	3	3
Bruin mans	11	11	16	16	21	20
Bruin vroue	5	6	9	10	15	17
Swart mans	13	12	11	10	17	20
Swart vroue	1	4	7	8	6	10
Wit mans	195	207	205	195	193	190
Wit vroue	58	67	72	73	88	92
Vroue, ras onbekend	1	1	1	1		
Mans, ras onbekend	6	6	4	2		
Geslag en ras onbekend	18	18	11	10		
Totaal mans	234	247	246	232	241	241
Totaal vroue	68	81	92	95	112	122
TOTALE LEDE	320	346	349	337	353	363


6.11.2 Studente-inskrywings, 2015–2021

Studente-inskrywings, 2015–2021, volgens ras en geslag




6.11.3 Personeelaanstellings (PASD en akademies)

Alle personeelaanstellings, 2015–2020, volgens geslag en ras
(permanente en kontrakaanstellings met voordele)




6.11.4 Senior aanstellings (PASD en akademies)


Alle senior personeelaanstellings (posvlak 1–6), 2015–2020, volgens ras
(permanente en kontrakaanstellings met voordele)



C1- senior personeelaanstellings (posvlak 1–6), 2015–2020, volgens ras
(permanente en kontrakaanstellings met voordele)



C2- senior personeelaanstellings (posvlak 1–6), 2015–2020, volgens ras
(permanente en kontrakaanstellings met voordele)




6.12 Kanselierstoekennings

Die volgende personeellede het in 2020 Kanselierstoekennings ontvang:

Ontvanger	US-omgewing	Toekenningskategorie
Me L Bonthuys	Registrateursafdeling	Professionele dienste
Mnr MJ Brooks	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Professionele dienste
Prof N Davids	Fakulteit Opvoedkunde	Navorsing
Mnr R Davidse	Fakulteit Ingenieurswese	Professionele dienste
Me A de Beer	Fakulteit Ingenieurswese	Professionele dienste
Prof JF Görgens	Fakulteit Ingenieurswese	Navorsing
Me C Kat	Bedryfshoof	Professionele dienste
Prof M Kruger	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Innovasie, leer en onderrig, navorsing en sosiale impak
Prof A Schoonwinkel	Afdeling van die Rektor	Leer en onderrig
Me E Tise	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	Professionele dienste
Mnr A van der Merwe	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Professionele dienste
Prof GPAG van Zijl	Fakulteit Ingenieurswese	Leer en onderrig
Prof J Volmink	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Professionele dienste
Prof JAC Weideman	Fakulteit Natuurwetenskappe	Navorsing

6.13 In memoriam

Ons bring hulde aan studente en personeellede wat ons in die verslagtydperk ontval het. Die Komitee vir Visuele Herstel oorweeg tans voorstelle om personeel en studente wat aan COVID-19 oorlede is, op gepaste wyse te vereer.



Slot

As ek terugkyk op 'n jaar vol onvoorsienigheid wat die impak van COVID-19 betref, is ek besonder dankbaar vir die veerkragtigheid van ons personeel en studente in hierdie tyd van uitdagings, onsekerheid en verlies.

Die jaar is 'n weerspieëling van ons vermoë om flink nuwe denke, nuwe werksprosesse en nuwe tegnologieë te aanvaar. Ons het ervaar hoe ons werk, juis weens die oorskakeling na digitale platforms, 'n groter aantal mense bereik.

Die werk om sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe sistemiese transformasie te verdiep en te versterk en 'n sosiale impak te hê, duur voort. Ons het aansienlike vordering gemaak om personeelgesondheid en -welwees te bevorder deur die aanvaarding van 'n plan vir personeelgesondheid en -welwees sowel as die nuwe Werknemerbystandspogram. Ons het belangrike stappe gedoen om ons Afdeling Menslike Hulpbronne 'n funksioneel uitnemende eenheid te maak, en het ook die aanbevelings van die opname oor personeelkultuur en -klimaat van 2019 begin implementeer.

Ons het die afgelope jaar verandering en transformasie op etlike verskillende vlakke verwelkom, en personeellede van die VS het beduidend tot die werkstrome van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting bygedra om die suksesvolle voltooiing van die akademiese jaar en die volhoubaarheid van die instelling te verseker.

Ek betuig my dankbaarheid teenoor die leierskap en personeel van die VS, en teenoor alle kollegas en vennote sowel binne as buite die Universiteit met wie die VS deurlopend saamwerk. Die steun en leiding van die Rektor en lede van die Rektoraat word hoog op prys gestel. Dank aan ons studente vir wie ons hier is. Dank ten slotte spesifiek ook aan ons senaat en Raad vir volgehoue begeleiding en steun. Dit bly 'n voorreg en vreugde om 'n instelling te dien wat, volgens sy Transformasieplan, daartoe verbind is om deur navorsing en innovasie, leer en onderrig, 'n transformerende sosiale impak, en strategie en internasionalisering, 'n samelewing van menswaardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal te bou.

In saamstappende verbondenheid.

